`

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

(13030094)

9 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

274Q1J2109

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter EEN van die volgende is nie ’n vereiste vir wanvoorstelling nie?

A Daar moet ’n onwaar stelling wees.
B Die wanvoorstelling moes die kontrak soos dit staan teweeggebring het.
C Die wanvoorstelling moet wettig wees.
D Die wanvoorstelling moet deur een kontrakterende party aan ’n ander kontrakterende party gemaak word.

1.1.2 Spoliasie beteken …

A goedere moet geweeg word om die koopprys te bepaal.
B dat die koper kennis behoort te neem.
C die ware eienaar sal skuldig wees as hy/sy die reg in eie hande neem.
D ’n aksie wat ingestel word om terug te neem wat aan jou behoort.

1.1.3 Watter EEN van die volgende scenario’s is ’n voorbeeld van ’n onregmatige kredietooreenkoms?

A Peter, ’n minderjarige, sluit ’n kontrak tesame met sy voog.
B Jack, ’n pensioenaris, gaan ’n kredietooreenkoms aan.
C Emma is onder administrasie en gaan ’n kredietooreenkoms aan sonder die toestemming van die administrateur.
D Elizabeth, ’n pas geskeide vrou, gaan ’n kredietooreenkoms aan.

1.1.4 Gebruike verwys na ...

A geskrifte van die ou skrywers oor gemenereg.
B hoofsaaklik die Romeins-Hollandse reg van die 17de en 18de eeu.
C algemene ongeskrewe reg.
D reg wat deur ’n staatsorgaan voorgeskryf word.

1.1.5 Handelsbeperkingsklousule kan afgedwing word deur ...

A vennote wat met mekaar meeding.
B ’n verkoper van ’n onderneming wat met die koper meeding.
C ’n uittredende vennoot wat nie met die vennootskap meeding nie.
D ’n werknemer wat nie tydens sy/haar diens met die werkgewer meeding nie.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Plig van ’n verhuurder:

A Om die eiendom op enige tydstip te inspekteer
B Om die huur te betaal
C Om te verseker dat die huurder ongehinderde gebruik het
D Om die huurgeld te verhoog vir verbeteringe wat aan die eiendom aangebring is

1.1.7 Die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 ...

A maak voorsiening vir opleiding en vaardigheidsontwikkeling.
B reël beskerming teen onbillike diskriminasie.
C hanteer aspekte rakende vakbonde, kollektiewe bedinging, afleggings en die KVBA.
D bepaal die minimum diensbepalings en -voorwaardes.

1.1.8 Alley koop ’n hangertjie by Jay, onder die indruk dat dit ’n nege-karaat goue hangertjie is, terwyl Jay ’n vergulde hangertjie aan Alley verkoop:

A Error in corpore
B Error in negotio
C Error in substantia
D Error in persona

1.1.9 Zoe verkoop beeste en wys die beeste uit aan Peter wat dit koop:

A Constitutum possessorium
B Traditio brevi manu
C Traditio longa manu
D Simboliese lewering

1.1.10 Logan verkoop sy drukkery wat na sy mening winsgewend is:

A Onskuldige wanvoorstelling
B Bedrieglike wanvoorstelling
C Nalatige wanvoorstelling
D Opsetlike wanvoorstelling

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 ’n (Natuurlike/Regs-) persoon verkry regsentiteit deur middel van regswerking.

1.2.2 (Dwaling/Wanvoorstelling) beteken daar is konsensus maar ’n defek in die konsensus.

1.2.3 Mora (debitoris/creditoris) verwys na die versuim van die debiteur om betyds te presteer.

1.2.4 Wanneer goedere deur middel van ’n hofbevel van ’n debiteur verwyder word, staan dit bekend as verkoping (in eksekusie/per veiling).

1.2.5 (Vrywillige/Gedwonge) skuldherskikking beteken ’n verbruiker kan persoonlik aansoek doen om oorverskuldig verklaar te word.

1.2.6 Goedere wat op ’n verhuurde eiendom ingebring of ingedra word, staan bekend as (colonus partiarius/invecta et illata).

1.2.7 ’n Onafhanklike kontrakteur staan ook bekend as locatio conductio (operarum/operis).

1.2.8 (Administratiewe reg/Handelsreg) maak deel uit van publiekreg.

1.2.9 (Publiekreg/Privaatreg) reël die verhouding tussen individue op gelyke voet.

1.2.10 (Geestelik versteurde persone/Minderjariges) het geen handelingsbevoegdheid nie.

1.2.11 (Merx/Pretium) verwys na ’n bepaalde artikel.

1.2.12 ’n (Stokvel/Klein ooreenkoms) is ’n vrywillige vereniging wat ’n roterende finansiële skema met maatskaplike en ekonomiese funksies behels.

1.2.13 Die (huurder/verhuurder) word toegelaat om te onderverhuur, tensy die huurkontrak dit verbied.

1.2.14 ’n (Gebiedende/Verbiedende) interdik kan gebruik word om ’n werknemer enige uitstaande bedrae aan hom/haar verskuldig te betaal.

1.2.15 ’n Persoon wat ’n siviele aksie instel, staan bekend as ’n (eiser/verweerder).

(15 × 2) (30)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Pretium	A	ou kontrak vervang deur nuwe kontrak
1.3.2	Statutêre regte	B	goeie trou
1.3.3	Bona fide	C	privaatreg
1.3.4	Familiereg	D	prys
1.3.5	Novasie	E	Nasionale Kredietwet

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Gee VYF vereistes vir die geldigheid van 'n aanbod. (5)

2.2 Tony het sy woonstel vir 'n jaar aan Pepper verhuur. Pepper het die afgelope twee maande nie haar huurgeld betaal nie. Tony het al gehoor van 'n stilswyende hipoteek, maar weet slegs dat dit 'n remedie tot die beskikking van die verhuurder is indien die huurder nie die voorwaardes nakom nie.

Verduidelik die stilswyende hipoteek soos dit op 'n huurkontrak van toepassing is. (5 × 2) (10)

2.3 Noem in elk van die volgende gevalle of 'n geldige kontrak tot stand gekom het en staaf die antwoord.

2.3.1 Harry sluit 'n kontrak met William vir die verkoop van kokaïen.

2.3.2 Alex, 15 jaar oud, sluit 'n gimkontrak met Fitness is the Future.

2.3.3 Mel, wat geestelik versteurd is, sluit 'n kontrak met die hulp van 'n kurator.

(3 × 2) (6)

2.4 Bespreek *actio redhibitoria* as 'n remedie vir kontrakbreuk. (5 × 2) (10)

2.5 Definieer elk van die volgende tipes lewering en gee ’n voorbeeld van elk:

2.5.1 Simboliese lewering

2.5.2 Traditio longa manu

2.5.3 Traditio brevi manu

2.5.4 Constitutum possessorium

(4 × 2) (8)

2.6 Noem 10 stukke inligting wat in die geval van klein, intermediêre en groot kredietooreenkomste openbaar gemaak moet word. (10)

2.7 Gee die essentialia van ’n koopkontrak. (1)
[50]

VRAAG 3

3.1 Onderskei tussen *nietige kontrakte* en *vernietigbare kontrakte.* (5 + 5) (10)

3.2 Bestudeer elk van die volgende gevallestudies rakende die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997 en beantwoord die vrae.

3.2.1 Peggy is werksaam by ABC-kleinhandelaars. Sy werk elke Sondag en op openbare vakansiedae sonder om ekstra vergoeding te ontvang.

Adviseer Peggy oor daaglikse en weeklikse rusperiodes. (5 × 2) (10)

3.2.2 Jack werk by Playtime Casino vir 10 uur per dag sonder etenspouses.

Adviseer Jack oor etenspouses. (2 × 2) (4)

3.2.3 Emily werk vir ’n motorvervaardigingsmaatskappy, Fast Cars, tussen 18:00 en 06:00.

Adviseer Emily oor nagwerk. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.3.1 Sessie vind plaas met die instemming van alle betrokke partye.

3.3.2 'n Voorbeeld van 'n samesmelting is waar die huurder en die verhuurder in gemeenskap van goed in die huwelik tree.

3.3.3 'n Huurder word nie toegelaat om die perseel wat hy/sy huur te onderverhuur nie.

3.3.4 'n Verhuurder mag nie die perseel betree om noodsaaklike herstelwerk of 'n inspeksie te doen nie.

3.3.5 As 'n huurder verlies gely het, mag hy/sy skadevergoeding eis.

3.3.6 Volgens die beginsel van plakkaat mag verbeteringe nie verwyder word nie en kan die huurder vergoeding van die verhuurder eis.

3.3.7 Die stilswyende hipoteek kan slegs gebruik word so lank as wat die huurgeld agterstallig is.

3.3.8 'n Verbeuringsklousule gee aan die verhuurder die reg om die huurkontrak te kanselleer en die huurder uit te sit indien hy/sy nie betaal nie.

3.3.9 'n Huurder mag die huureiendom gebruik, geniet en wangebruik.

3.3.10 'n Huurkontrak kan ook vir 'n onbepaalde tydperk geldig wees en in sodanige geval kan onredelike kennis gegee word.

(10 × 1) (10)

3.4 Verduidelik kortliks DRIE tipes indiensnemingsverhoudings in Romeinse reg. (3 × 2) (6)

3.5 Onderskei kortliks tussen *akwisitiewe voorstellings* en *waarborge.* (2 + 2) (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 Lindy besit 'n hond met die naam Justice wat weggeraak het nadat sy vergeet het om die hek te sluit. Lindy plaas die volgende advertensie in die *Weekly Times:* Vermis: Een mopshond ('pug'). Reageer op die naam Justice. Beloning: Reward: R5 000,00. Tel: 041 452 6082.

4.1.1 Is 'n advertensie 'n geldige aanbod? Staaf jou antwoord. (4)

4.1.2 Gestel Ben bring die hond vir Lindy terug sonder dat hy van die advertensie bewus is.

Is hy geregtig op hierdie beloning? Staaf jou antwoord. (4)

4.2 Gee VIER vereistes vir onbehoorlike beïnvloeding. (4 × 2) (8)

4.3 Dui in elk van die volgende gevalle die tipe wanvoorstelling aan en definieer elkeen kortliks.

4.3.1 Siya verkoop 'n artikel en is volkome onder die indruk dat dit nuut is.

4.3.2 Nicky verkoop 'n tweedehandse artikel as nuut, wetende dat dit nie die geval is nie.

4.3.3 Bongani verkoop 'n onderneming wat na sy mening winsgewend is. (3 × 2) (6)

4.4 Noem die omstandighede waarin 'n minderjarige gebind sal wees indien hy/sy 'n kontrak sluit. (4 × 2) (8)

4.5 Gee DRIE essentialia van 'n koopkontrak. (3)

4.6 Noem VIER pligte van 'n werkgewer. (4)

4.7 Bespreek kortliks VYF onwettige ooreenkomste wat 'n kredietverskaffer nie mag aangaan nie. (5 × 2) (10)

4.8 Noem DRIE tipes sake wat nie verkoop kan word nie. (3)

[50]

VRAAG 5

5.1 Bespreek *spesifieke nakoming* as ’n remedie tot ’n werknemer se beskikking. (4 × 2) (8)

5.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

5.2.1 ’n Huurder kan die nodige herstelwerk laat doen en daarna die koste van die verhuurder verhaal, maar slegs met die toestemming van die verhuurder.

5.2.2 ’n Kredietburo hoef nie geregistreer te word nie.

5.2.3 Verkoop res fungibele vind plaas wanneer items eers getel en geskei moet word voordat die kontrak volmaak kan wees.

5.2.4 Skulde aan die staat verskuldig wat uit die verkoop of huurkontrak ten aansien van grond spruit, verjaar ná 30 jaar.

5.2.5 Borgstellingsooreenkomste moet op skrif gestel en deur of namens die partye onderteken word.

5.2.6 ’n Kontrak is volmaak wanneer die prys bepaal en die kontrak onvoorwaardelik is.

5.2.7 ’n Huurder kan slegs kragtens ’n hofbevel uitgesit word.

5.2.8 ’n Werknemer is nie verplig om ’n gedragskode te onderteken nie.

5.2.9 Krediettransaksies word as kredietooreenkomste beskou.

5.2.10 Casus fortuitous beteken ’n natuurramp.

(10 × 1) (10)

5.3 Bespreek of ’n opsie ’n geldige kontrak uitmaak. (5)

5.4 Verduidelik wanneer ’n waarborg teen uitwinning nie van krag sal wees nie. (4 × 2) (8)

5.5 Noem DRIE kategorieë handelingsbevoegdheid en gee een voorbeeld van elk. (3 × 3) (9)

5.6 Noem DRIE gevalle waar ’n skriftelike ooreenkoms met betrekking tot ’n koopkontrak vereis word. (3)

5.7 Noem SEWE maniere waarop ’n kontrak beëindig kan word. (7)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou